Donderdag 16 April

Skrifgedeelte: 1 Samuel 8:6-9

Fokusgedeelte: 1 Samuel 8:6a (AFR83)

## God se genade duur voort

Israel se leiers wou soos al die nasies wees, en het menslike krag en wêreldse sekuriteit gesoek. Alhoewel die wet in Deuteronomium 17:14–20 ’n koning verwag het, word Israel se eis gekenmerk deur ongeloof en geen verbondsvertroue in die Here nie.

Samuel was bedroef daaroor. Tog sê die Here vir Samuel om toe te gee, en hulle ook te waarsku oor wat hulle vra. Dit is beide ’n genadige waarskuwing en ’n oordeel om die mens aan hulleself oor te gee (vgl. Rom. 1:24).

Die mens in sy ongeloof is blind vir die ware seën van die Here: om in die eerste plek in ’n verhouding met die ware God te leef en ook al die seën uit sy hand te ontvang.

Hieruit sien ons dan die genade van die Here: dat Hy ons nie net aan onsself oorgee nie. Hy gee in sy genade die ware Koning, nie Saul nie, maar Christus, wat ook deur mense verwerp is. Hy is deur God die Vader aangestel en met die Heilige Gees gesalf tot ons ewige Koning. Die Koning wie se koningskap nie sal wankel nie. ’n Ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie. Daar is vreugde om te weet dat Hy ons nie net aan onsself oorgegee het nie, maar verlos het van die ewige straf wat ons vir onsself bewerk het. Dit is Hy wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons as sy kerk beskerm en bewaar.

Deur sy regering met sy Woord en Gees soek ons nie meer wat die wêreld het nie. Deur sy werk wil ons nie soos die wêreld wees nie. Ons soek nie ons sekuriteit in menslike stelsels, leiers, rykdom of strategieë nie, maar in God alleen. Deur sy werk vind ons vreugde in ons Koning en hoe Hy ons regeer.

*Sing Psalm 146-1:2*

*Ds. CB (Brahm) Robinson (Bellville-Oos)*